

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za

26 SEPTEMBER 2025 - JAARGANG 57-1695 R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

22 September 2025 - 95%

22 September 2024 - 98.4%

Reënval vir die week:

5mm

MBD

ONS GEE OM

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafnisdienste

Vredendal

Vierhonderd inwoners maak kuslyn skoon



Ongeveer 500 sakke vullis is in Elandsbaai opgetel. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Charles Malherbe.

Lees binne:

Speurtak
van die
bestes in SA
bl 2

Sitrusseisoen
toon
toename
bl 5

Steeds beste
junior in die
land
bl 7

Weervoorspelling vir die week

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

MBD

ONS GEE OM

Begrafnisdienste

Vredendal

Don.25/09	Vry. 26/09	Sat.27/09	Son. 28/09
10°/30°	10°/37°	12°/26°	11°/26°

Ma.29/09	Di. 30/09	Wo. 01/10	Inligting verkry vanaf AccuWeather 24 Sept. 2025
10°/32°	15°/34°	10°/31°	

Jukskeiklub

DANS

met DJ Robus

SEP 27 Saterdag 18:00

R250 PER PERSOON

ETE INGESLUIT

HONTANT HROEG

GEEN HINDERS

VGF

VAN RYTHSDORP GEMEINSKAP FORUM NPC COMMUNITY FORUM NPC

21ST

4x4

Bergkraal

SEDERT 2004

27 SEPT

PLEK: BERGKRAAL (R363)

VERTREKTYD: 9:00

KOSTES: R250/voertuig

*Slegs kontant

PRYSUITDELING BY

TYD: 18:30 VIR 19:00

MBC

MASKAN

DANS

VEILING

BRAAIVLEIS TEKOOP

WHATSAPP: GERRIE - 076 1011 291 NIEL - 084 843 1693

SKAKEL: FRIKKIE - 083 630 6370

VGK VREDENDAL PRESENTS

SEP SAT 27

A Night under THE STARS

Debutante Ball

WITH A

Live Band

REAL FOR REAL

Price R250 pp (includes a 3 course meal)

Venue: Vredendal South Sports Hall

Time: 18:00

Tickets available at Committee members

Clanwilliam DORPSMARK

Ondersteun plaaslike entrepreneurs en organisasies

Kom buier saam!

Bespreek 'n stalletjie: Ilse - 083 328 4575

October 04-10-2025

Grasperk langs die Biblioteek

08:00 - 11:00

• groente & vrugte

• vars gebak

• beskuit, brood, pannekoek

• wit olifant

• 2de handse klere & boeke

• ingemaak

Eerste Saterdag van die maand

AKTUELE NUUS



Dwelms waarop beslag gelê is.

Bekende dwelmhandelaar swaar gestraf

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Kaptein Ludick van Vanrhynsdorp SAPD het Dinsdag, 3 Januarie 2023 inligting ontvang vanuit die gemeenskap van 'n groot besending dwelms wat by 'n huis in Sambreeltjiesstraat gestoor word. Die inligting is onmiddellik gedeel met die Provinsiale Speurdiens, asook K9 Namakwaland wie binne etlike minute hulle by hom aangesluit het. Kolonel Cyprianus van der Westhuizen het die aansoek vir die lasbrief gemagtig ter deursoeking en etlike minute later was hulle op die toneel. Die vrou wie die huis bewoon het, was tuis. Haar matriekdogter het so 'n paar dae voor dit vanuit die Oos-Kaap by haar ma in Vanrhynsdorp aangesluit. Die operasie met goeie samewerking van die plaaslike lede, K9, provinsiale speurders, asook lede van die provinsiale verkeer het daartoe gelei dat beslag gelê is op nagenoeg 8174 Mandrax-tablette, asook 2,529 kg Tik. Kontant ten bedrae van derduisende rande is ook op beslag gelê. Bessie, die vierpotige lid van adjudant-offisier Burger Geustyn was grootliks deel

van die vonds. Beide ma en dogter is deur kaptein Ludick gearrester vir die Onwettige Handel in Mandrax en Tik. Na 'n meer as twee-jaar lange hofstryd, het die Nasionale Vervolgingsgesag onder leiding van streekshof aanklaer, C J Patience dit reggekry om die dogter kwyt skelding te gee na aanleiding van betoë deur die verdediging. Op 4 September 2025 is die 43-jarige vrou ná skuldigbevinding deur streekslanddros H E Smit gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf waarvan 4 jaar daarvan opgeskort is. Hierdie vonnis is met groot trots verwelkom deur Vanrhynsdorp SAPD. Al die betrokke beamptes word hiermee gelukkig gewens met hul uitstekende werk. Kaptein Ludick wil ook spesiale dank betuig aan die gemeenskap wat met inligting navore gekom het en het gevra dat hulle nie moet stop om sulke aktiwiteite aan die polisie te rapporteer nie. Voornemende handelaars word gemaan om hul aksies te stop of die gevolge van hul dade te dra, aldus aanklaer Patience en kaptein Ludick.

Gemeenskap word uitgenooi

Berig: Annemarie Munnik

LUTZVILLE: Die gemeenskap word graag deur kaptein Van der Westhuizen uitgenooi na eerskomende naweek se Gemeenskaps Imbizo. Dit vind Sondag, 28 September om 17:00

by Uitkyk gemeenskapsaal plaas. Dit gaan onder meer handel oor misdaadbekamping en ook die geweld wat tans in Uitkyk onder die jongmense plaasvind.

Nuwe slenter in omloop

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Die speurtak op Clanwilliam doen 'n beroep op veral bejaardes om baie versigtig te wees. 'n Nuwe slenter is in omloop en baie mense val daarvoor. Die speurtak word oorval met klagtes van bedrog. "n Persoon van die bank" bel en sê iemand is glo besig om geld uit die kliënt se rekening te trek. "Die bank" benodig dringend die persoon se OTP om die skelms vas te trek. Van hulle soek ook nog ander inligting van die sogenaamde kliënt. Mens skrik so vir die tipe oproep dat hulle sonder om twee keer te dink die OTP gee. Die skelms vra ook dat die "kliënt" op sy/haar bankdienste toepassing gaan sodat hulle kan help.

Onthou: 'n Bank sal nooit 'n kliënt bel om 'n

OTP of identiteitsnommer te vra nie. Wees asseblief versigtig vir die slenter en moet onder geen omstandighede vir hulle enige inligting deurgee nie. Die speurders se hande is afgekap met die tipe sake en sal nie jou geld kan terugkry nie. Selfs jou bank sal dit nie kan terugkry nie. As jy vermoed daar is fout, bel die bank se bedroglyn en laat jou kaart onmiddellik kanselleer. Kry liever 'n nuwe kaart as wat jy op so 'n manier al jou spaargeld verloor. Nog 'n voorsorgmaatreël is om jou daaglikse limiet te verminder op jou bankdienste toepassing. Die bank sal dan onraad vermoed indien jy skielik 'n groot bedrag wil trek en dit sal nie goedgekeur word nie.

Vanrhynsdorp Speurtak blink uit

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vanrhynsdorp SAPD se speurders het naam gemaak toe hulle in Augustus so uitgeblink het, dat die hele land daarvan praat. Uit 1154 polisiestasies het hulle derde geëindig vir onder meer uitmuntende speurwerk en goeie vonnisse. Kaptein Ludick het dit goed geag om die Stasiebevelvoerdertrofee aan die speurhoof en sy span te oorhandig uit dank vir hul onbaatsugtige, flink en puik diens gelewer. Speurhoof adjudant-offisier

Lourens Smit was in sy noppies oor sy span se prestasie en het gesê dat spanwerk sy troefkaart is. Speur-sersant Van Wyk was gelukkig met hul prestasie en het gesê dat die speurspan soos Gideon se manne, min mag wees, maar deur God se genade groot werk kan verrig. Kaptein Ludick het gesê dat ander eenhede sal moet gaan kersopsteek sodat almal so goed sal kan vaar.



Konstabel AF Afrika, LM Ockhuis (admin klerk), konstabel S Tshambu, speurhoof adjudant-offisier L Smith, kaptein GJ Ludick, konstabel JJ Yman en speur-sersant JAP van Wyk.

Stuur jou nuuswenke na:

082 657 3182 - Matzikama

082 926 9934 - Cederberg



CEDAR2COAST
11 OCTOBER 2025

CHOOSE FROM 3 ROUTE OPTIONS

- LONG START: 7H30 FROM CLANWILLIAM 100KM
- MEDIUM START: 8H00 FROM GRAAFWATER 55KM
- SHORT START: 8H05 FROM GRAAFWATER 35KM

MORE INFORMATION

DAVID: 083 463 8443
IAN: 083 370 0400

Somerkoelte Aartappeldans

Datum:	Saterdag 4 Oktober 2025
Tyd:	19h00
Plek:	Sir Lambert Landgoed Lambertsbaai
Orkes:	Hugo Droogte Louw en Sy Orkes
Spyskaart:	Verskeie aartappelgeregte
Koste:	R150 per persoon
Kontantkroeg beskikbaar	
Navrae:	Somerkoelte 027 432 1150

Colour Run & Walk

5km New route!!

Date: 11 October 2025
Place: Strandfontein (Matzikama)
Time: start at 9:00

Adults: R70 each
Children: R20 each (age 6 - 16)
Family and group of 10 package available

Cancer awareness - wear the colour!
Different colours represent different cancers, contact us for a list.

For more info:
Sumerie - 0714948450
Cecilia - 0793892557

SUPER SMALLS

STEMPELS

**Beskikbaar by
Ons Kontrei
kantore**

**Centralstraat 8,
Vredendal**

Tel: 027 213 2074

Internasionale Kusopruiming in Elandsbaai

Berig: Mariaan Smuts

ELANDSBAAI: Elandsbaai het Saterdag, 20 September aan die jaarlikse Internasionale Kusopruiming deelgeneem. Die dorp het behoorlik gegons van aktiwiteite terwyl vrywilligers bymekaargekom het om die kuslyn en dorp skoon te maak. Dié geleentheid het ten doel gehad om nie net die dorp se kuslyn te verfraai nie, maar ook om die belangrikheid van toerisme veiligheid en omgewingsbeskerming te beklemtoon. 'n Skoon strand is 'n veilige strand. Deur rommel te verwyder verseker die in-

woners dat besoekers die pragtige uitsigte en aktiwiteite kan geniet sonder die risiko van beserings. Skoon strande lok ook meer toeriste wat goed is vir die plaaslike ekonomie. Die opruiming is van kardinale belang om die seelewe te beskerm. Plastiek en ander afval kan dodelik wees vir wild- en seelewe. Deur die vullis te versamel help inwoners ook om die natuurlike habitat te bewaar en 'n gesonder ekosisteem te bevorder. Vrywilligers van alle ouderdomme het by-

mekaargekom, gewapen met handskoene en vullissakke. Almal was gereed om die rommel aan te pak. Die atmosfeer was gevul met lag en kameraadskap terwyl almal 'n gemeenskaplike doel voor oë gehad het. Nie net het hulle die strand skoongemaak nie, maar ook bewustheid geskep oor die voortdurende behoefte aan omgewingsbestuur. "Geleenthede soos hierdie herinner vrywilligers en inwoners daaraan dat elke klein poginkie tel. As jy hierdie keer misgeloop het, moenie bekommerd wees nie. Daar gaan meer geleenthede wees om in die toekoms betrokke te raak. Saam kan ons Elandsbaai en alle Weskusstrande mooi en veilig hou vir almal," sê die or-

ganiseerders. Raadslid Leoné Venter noem dat 181 sake rommel opgetel is. Sy sê die Internasionale Strandopruimingsdag het almal weereens bewus gemaak van wat moontlik is wanneer mense saamstaan om 'n verskil te maak. Venter noem dat elke vrywilliger, departement en leerder wat opgedaag het 'n tasbare verskil gemaak het. "Elke stuk rommel wat opgetel is, elke glimlag wat gedeel is en elke hand wat gehelp het, het gewys dat ons gemeenskap se krag in samewerking en liefde vir ons kuslyn lê," sê Venter. Sy bedank elkeen wat gehelp het om die dag moontlik te maak en rig 'n groot dankie aan al die borge wat hul ondersteun en gedra het.

Minister besoek Voëleiland

Berig: Mariaan Smuts

LAMBERTSBAAI: CapeNature het Maandag, 22 September van 11:00 tot 14:00 'n funksie op Lambertsbaai Voëleiland aangebied. Anton Bredell, provinsiale minister van plaaslike regering het met die gaste gepraat oor toerisme en die bewaring van die natuur. Lede van die flora gemeenskap het inligting oor die stroping en smokkelhandel van bedreigde spesies uit die Knersvlakte gedeel. Eve Chesselet, bewaarder by Lambertsbaai Voëleiland het die gaste op 'n toer van die eiland geneem. Hulle

het die pikkewynkolonie se broeiplek besoek, alhoewel daar nie op die oomblik pikkewyne op die eiland is nie. Daarna het Chesselet hulle na die uitkykpunt oor die malgaskolonie geneem, nuwe aanwysingsborde aan hulle uitgewys en toe het almal 'n besoek aan die museum op die eiland gebring waar hulle gebeentes van verskillende voëls en diere wat reeds uitgesterf het, kon besigtig. Die Weskus Guriqua San-raad was baie beïndruk dat CapeNature hulle ook uitgenooi het. "Ons dank en waardering aan CapeNature wat dit goed geag het om ons as inheemse groep ook deel te maak van die historiese geleentheid soos dit veron-

derstel is om te wees," het Ferdi Fransman gesê. Die San-raad het blykbaar 'n baie produktiewe gesprek met Bredell oor omgewingsake en ontwikkeling gehad. Hulle het ook met Ashley Naidoo, uitvoerende hoof van CapeNature gesels oor toe-

komstige samewerking om die dorp spesifiek in die toerismesektor te ontwikkel. Fransman sê hulle sien uit daarna om saam te werk, want hulle weet deur saam te werk kan hulle die gemeenskap en area op 'n dieper vlak kry.



Lede van die Weskus Guriqua San-raad gesels met Anton Bredell en Ashley Naidoo. Foto: Verskaf.



IMPORTANT NOTICE

FORM 3A - NOTICE OF APPLICATIONS FOR LIQUOR LICENCES IN TERMS OF SECTION 37(1) OF THE WESTERN CAPE LIQUOR ACT, 2008 – [REG. 10(1)]

Notice is hereby given that the following applications for liquor licences have been lodged with the Western Cape Liquor Authority (the Authority) and with the designated liquor officers at the indicated South African Police Service offices. The applications concerned may, up to and including the 28th day from the date of publication of the application, upon request and free of charge, be inspected by any person, at the offices of the Authority or the designated liquor officer listed hereunder. Copies of an application can be obtained from the Authority after payment of the prescribed fee. Objections and representations must be lodged in writing with the Authority and the designated liquor officer in accordance with section 39 of the Act.

VORM 3A - KENNISGEWING VAN AANSOEKE OM DRANKLISENSIES INGEVOLGE ARTIKEL 37(1) VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 – [REG. 10(1)]

Hiermee word kennis gegee dat die volgende aansoeke om dranklisensies ingedien is by die Wes-Kaapse Drankowerheid (die Owerheid) en] by die aangewese drankbeampes by die aangeduide Suid-Afrikaanse Polisiedienskantore. Die betrokke aansoeke kan, tot en met die 28ste dag vanaf die datum van publikasie van die aansoek, op versoek en gratis deur enige persoon besigtig word by die kantore van die Owerheid of die aangewese drankbeampes hieronder gelys. Afskrifte van 'n aansoek kan by die Owerheid verkry word na betaling van die voorgeskrewe fooi. Besware en verhoë moet ooreenkomstig artikel 39 van die Wet skriftelik by die Owerheid en die aangewese drankbeampes ingedien word.

IFOMU 3A - ISAZISO SOKUFAKWA KWESICELO SEPHEPHA MVUME NGOKWECANDELO 37(1) LOMTHETHO WOTYWALA WENTSHONA KOLONI KA-2008 – [UMGAQO 10(1)]

Isaziso siyanikezelwa ukuba ezi zicelo zilandelayo zamaphepha mvume otywala zifakiwe kwabasemaGunyeni ezoTywala eNtshona Koloni (abasemaGunyeni) nakumagosa ajongene nemiba engotywala kwii-ofisi ezixeliweyo zeeNkonzo zamaPolisa aseMzantsi Afrika. Izicelo ekubhekiselelwa kuzo zingakwazi kwiintsuku ezingamashumi amabini anesibhozo (28) ukususela ngomhla wokupapashwa kwesi sicelo, xa eceliwe kwaye simahla, ziye kuhlolwa nguye nawuphi umntu okwi-Ofisi esemaGunyeni okanye yegosa elijongene nemiba engotywala elixelwe apha ngezantsi. Iikopi zesicelo zingafumaneka kwabasemaGunyeni emva kwentlawulo emiselweyo. Uchaso neengxelo ezixhasayo ezibhaliweyo zingafakwa kwabasemaGunyeni nakwigosa elijongene nemiba engotywala ngokwecandelo 39 loMthetho.

No.	Full name of applicant Volle naam van aansoeker Igama elipheleleyo lomfaki-sicelo	Name under which business will be conducted Naam waaronder besigheid bedryf sal word Igama ishishini eza kushishina phantsi kwalo	Address of the proposed premises Adres van die voorgename perseel Idilesi yesakhiwo	Kind of licence applied for Tipe lisensie waarom aansoek gedoen word Uhlobo lwephepha mvume olucelayo	South African Police Services designated liquor officer office where the application has been lodged Suid-Afrikaanse Polisiedienskantoor van die aangewese drankbeampes waar die aansoek ingedien is i-Ofisi yeGosa elijongene nemiba engotywala yeeNkonzo zamaPolisa eMzantsi Afrika apho isicelo sifakwe khona
1	Jacobus Adriaan Engelbrecht Thiar	Bellpost	Portion 112 of the Farm Bakkely Plaats No.282, Farm Liebendal, Vredendal, 8160	Micro-Manufacture On & Off	Vredendal

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

VANRHYNSDORP:
Jukskeiklub Dans
Saterdag, 27 September
18:00
R250 per persoon

LUTZVILLE:
Pa en Seun Gholfdag
ten bate van
Lutzville Akademie
Saterdag, 27 September
Kontak Helene Louw 073 583 9909
of Oubaas Kersop 083 230 4801

VREDENDAL:
Bergkraal 4x4
Saterdag, 27 September
Vertrektyd: 09:00
Bergkraal (R363)
Skakel Frikkie van Zyl
083 630 6370

VREDENDAL-NOORD
Debutante Ball
aangebied deur
VGK Vredendal
Saterdag, 27 September
18:00
Vredendal-Suid Sportsaal
R250 per persoon
Kaartjies beskikbaar
by komiteelede

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Die nuwe heerlijkheid wat op ons wag

Paulus vergelyk die geloof in die opstanding uit die dood met die geloof wat 'n boer het wanneer hy saad in die grond plant. Daar is geen logika daarin om 'n dooie en uitgedroogde saadkorreltjie in die grond te plant nie, en tog doen die boer dit met die verwagting van 'n oes. Die boer weet dat wanneer hy daardie koringkorreltjie in die grond plant, dan sal die dop van die saad onttind. Dit kan nie meer in die saadvorm voortbestaan nie, maar hierdie hele proses lei daartoe dat die saad beter word. Die saad gaan dood, maar dan kom daar 'n nuwe lewe vanuit die kern van daardie saad. Paulus sê dat die dood dieselfde met ons doen wanneer ons glo dat daar met die

sonde in ons lewe afgereken is. Dood is dan bloot net 'n donker portaal waardeur ons moet gaan om by die glorieryke eetsaal van die Here te kom (vgl. Ps. 23:5). George Herbert stel dit baie mooi in een van sy gedigte. Hy sê: "Death used to be an executioner, but the gospel has made him just a gardener." Wat hy daarmee sê, is dat dood voorheen tot vernietiging gelei het, maar nadat Christus uit die dood opgestaan het, is hy bloot 'n tuinier. Dood laat hierdie mooi blom vanuit die saad te voorskyn kom. Hoor hoe mooi beskryf Paulus dit in Romeine: "Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike

liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon" (Rom. 8:11).

Indien jy in Christus glo, beteken dit dat die Gees in jou werk, en Hy is die waarborg daarvan dat jy ook eendag uit die dood sal opstaan. Die Gees is nie net vir ons gegee om ons gees te vernuwe nie, Hy word ook vir ons gegee om ons liggaam uit die dood op te wek. Leef in hierdie opstandingskrag van Christus!

1 Korintiërs 15:28 (Afrikaanse Vertaling 1953) "En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan ook sal die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees."

Doktor PJ de Bruyn

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Die son skyn en ons betaal daarvoor

Dis mos Saterdaggaand en ek en Dik Hendrik braai weer tot die ontsteltenis van die Braaivleisvuurraadslid!

Ou Dikkes het ses sonpanele hier op sy dak, want hy het gatvol geraak vir beurtkrag. Nou was die ou mos deur Vredendal toe vir die sonkragvergadering verlede Woensdag en hy is ontevrede!

"Buurman, dit was nou vir jou 'n sprekende voorbeeld van minagting." "Voor in die koor was daar so 'n dik kapokhaantjie wat hom slim hou en vir ons net vertel wat hulle gaan doen en hoe ons gaan betaal." "Die amptenare en politici sit die ereplekke vol met hulle rug na die publiek!" "Wys jou net wat hulle van die belastingbetalers dink!"

Blykbaar was daar 'n burgemeester, 'n speaker, nog 'n "puppet" en dan ons dorpie se splinternuwe raadslid. Hierdie spannetjie moet mos omsien na die belange van ons as belastingbetalers, nie waar nie?? "Buurman ek sê jou, daardie

puppets van politici is net 'n rubberstempel vir die amptenare. Hulle sit daar soos poppe en lewer geen inset nie - hulle is useless." Volgens Dik Hendrik was daar te min sitplek vir die publiek en dit was net die "honourable" speaker wat 'n paar stoele gaan soek het.

Hendrik vertel dat daar vir 'n paar lede van die publiek bladsye met vrae en antwoorde uitgedeel is. Hy het amper bly geraak dat amptenare inligting gaan bekendmaak. Maar nee, ons moes later hoor die vrae is deur inwoners aan die munisipaliteit gestuur. By die huis het ou Dikkes dit aandagtig deurgelees en tot die slot som gekom dat 90% van die antwoorde niks anders is as verbale diarree nie, skoon st&*&!! "Magtag man!!! Wat dink die amptenare dan van 'n mens???" "Ons is mos nie almal so onnosel soos hulle nie, hulle wals voort en dink ons moet saamdans"

Die eintlike probleem lê, volgens Dik

Hendrik, by ons raad. "Ek dink hulle is eerder radeloos as wat hulle vir ons raad het." "Moes hulle nie na die publiek teruggekom het om ons vooraf in te lig rakende die fiasko waarin ons nou onself bevind nie?" Die begroting en al die nuwe tariewe is mos deur die raad goedgekeur en hulle is beslis verantwoordbaar in hierdie situasie."

Wonder of die Raadslid van Persverklarings nie weer aan ons presies moet verduidelik hoe die kostestruktuur vir sonkraggebruikers gaan werk nie? Hy was mos deel van die span wat die tariewe goedgekeur het. Ou Dikkes sê tydens die vergadering het die politici hulself die stilswye opgelê. Laat dink my onwillekeurig aan die 3 apies van "see no evil, hear no evil, speak no evil" en die vierde een is nog te nuut om te reageer!

Ek wil net vir Dik Hendrik en sy mede sonkraggebruikers sê: "Dit is net die punt van die ysberg, julle verrassing kom nog!!"

Jansalie

Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
Desiree van Wyk 027 213 2074
Acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Munisipale inhaligheid, asook sommer slimmeters se pes

Volgens 'n ingeligte bron - wou die Provinsiale Verkeersdepartement hierdie gebou koop (sien Ons Kontrei, uitgawe van 19 September, "Wat moet ons nog gade slaan") en omskep vir 'n baie sentrale sentrum vir beheer van hulle verkeersbeamptes, omdat dit naby die weegbrug is en ook langs een van die belangrikste 'escape' roetes geleë is - Valleistraat. Matzikama Munisipaliteit se verkoopprijs was R1,95 miljoen. Provinsiale verkeer het na 'n deeglike ondersoek besluit om R1-00 aan te bied om sodoende dan die gebou te kan herstel en verbeter om te gebruik. Hulle sou R2 miljoen moes spandeer. Matzikama Munisipaliteit het egter die aanbod van die hand gewys en die transaksie verloor. Dan wonder ons inwoners nog waarom daar soveel agteruitgang in ons dorpe en gemeenskappe is? R48 miljoen word tans bestee aan sogenaamde 'smart' elektrisiteitsmeters. So 'smart' is dit dat ons asvaal uit 'n vergadering gestap het op 16 September, gehou in die raadsaal en

waar die beamptes wat dit gelei het klaaglik misluk het om redes te verskaf en verduidelikings te gee om die inwoners tevrede te stel. Die inwoners het "43/10" die uitslag beklink (Alla Springbokke teen die All Blacks). Die 'afgrigter' van die munisipaliteit het verduidelik dat hulle al meer as 2 jaar besig is om hierdie kontrak te bekom - nogal die 3de munisipaliteit in Suid-Afrika! Sol Plaatje Munisipaliteit nogal een van die drie. Bid jou aan! Wonder of dit nie 'n slenter was tussen Eskom en Matzikama Munisipaliteit nie (veral omdat die munisipaliteit so diep in die skuld was by Eskom?) Ons almal wat sonkragstelsels installeer het tydens beurtkrag - om ons bedrywe en huise aan die gang te hou, moet nou boet omdat die sentrale kragverskaffer nie sy mandaat kon handhaaf nie. Ek dink dit was deel van die plan om natuurlike energiebronne onder die publiek te laat installeer en dan sodoende minder krag hoeft te verskaf - en dan soos nou ons te belas deur ons 'eie' krag te steel sonder ordentlike vergoeding. Wat gaan met die 'slimmeters' gebeur as daar

kragonderbrekings is? Soveel geld spandeer en daar sal steeds krag gesteel word deur omléidings te doen by meters! Wat van die 'kiosks' waar krag aangekoop moet word. Een het gesê koop by die munisipaliteit? Wat van naweke as mens krag nodig het? Gaan julle alle dorpe se kantore oophou? Waarom is daar nie supermarkte se name by die 'vendors' nie. Die munisipaliteit kon nog nooit ordentlik beplan nie. Hulle beplan nie eens om ons strate tydens die somer te herstel, om sodoende die gemors wat tans na die winter heers, te voorkom nie! Hoe het ons dit dan met die leiers? Ek hoor een van die land se leiersfigure sê dat kandidaat wat vir verkiesings beskikbaar gaan wees - darem moet kan lees en skryf. Hoe het ons dit dan met julle wat miljoene rande sinvol moet bestuur. Kom dan 'n slag met die waarheid vorendag. Julle sien dat die net met die grootste visse besig is om na die oppervlak gelig te word. Wees waaksaam.

Dr Tredoux

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

29 AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoonstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaipatio, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.



PASELLA ADS
IS GRATIS
Geen handelaars

Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat.
Advertensies mag slegs 2 keer herhaal word.

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

Deed of Transfer T920/2020

passed by **JACQUELINE HELEN CLOETE** (previously Carolissen), identity number 730916 0135 081 and **DERICK JONATHAN CLOETE**, identity number 731004 5134 083, married in community of property to each other

in favour of **BRUCE ANTHONY THEYS**, identity number 760915 5118 087, unmarried

in respect of certain Erf 884 **KLAWER**, in the Matzikama Municipality, Division Vanrhynsdorp, Province Western Cape which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Western Cape at Cape Town at Floor 4, Information Desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at VREDENDAL this 19th day of September 2025.

Applicant:

KOOS COETZEE ATTORNEYS
14 Dorp Street, Vredendal, 8160
Email: admin@kcplaw.co.za
Contact number: 027 213 1869



Begrafniskennisgewings

**LOURENS
PETRUS JOROMIA**
23/08/1955 - 17/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
27 September 2025. Huisdiens te Jakkelsvlei,
Graafwater om 09:00. Kerkdiens te Jakkelsvlei,
Graafwater om 10:00.
Teraardebesteding Jakkelsvlei, Graafwater

**NIEUWOUDT
STEFHANUS FRANCOIS**
09/10/1963 - 20/09/2025

Gedenkdien vind plaas op Saterdag
27 September om 11:00 in die NG Kerk, Klawer.
Privaat Verassing

**OWIES
MAGRIETA**
27/10/1960 - 21/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
27 September 2025 vanuit die huis te Langstraat 7,
Bitterfontein om 09:00. Kerkdiens in die Rooms
Katolieke Kerk, Bitterfontein om 11:00.
Teraardebesteding, Bitterfontein Begraafplaas.

**STEVENS
YASMINE**
01/01/2001 - 17/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
27 September 2025 vanuit die huis te
Buitekantstraat 16, Vredendal-Noord om 07:00.
Kerkdiens in die Rooms Katolieke Kerk
Vredendal-Noord om 08:00.
Teraardebesteding Doringbaai Begraafplaas.

**SWART
JAKOBUS**
16/01/1963 - 18/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag 27 September
2025 vanuit die huis te Irvin Januarie 1123,
Nieuwoudtville om 09:00.
Teraardebesteding Nieuwoudtville Begraafplaas.

SKV vooruitskatting beter as verwag

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die Sitruskwekersvereniging van Suid-Afrika (SKV) het uitvoervooruitsigte vir die huidige seisoen opwaarts aangepas na die jongste ronde Variëteitsfokusgroepvergaderings. Die SKV verwag om 188,2 miljoen kartonne vir uitvoer te verpak. Dit is 'n toename van 10% vanaf die 171 miljoen kartonne wat aanvanklik beoog is. Uitsonderlike vraag in oorsese markte vir verwerkingsgraad van saplemoene en -suurlemoene is verantwoordelik vir 'n groot deel van die toename. Gunstige groei- en weerstoestande, sowel as verbeterde produksiedoeltreffendheid, het ook tot die toename bygedra. Daarbenewens het die sterker vraag na vrugte in die Noordelike Halfronde aan die begin van die seisoen daartoe bygedra dat beduidende volumes van veral suurlemoene en lemoene vroeër gelewer is. Die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf kan 100 000 nuwe werksgeleenthede skep deur uitvoere tot 260 miljoen van 15 kg kartonne teen 2032 te verhoog. Hieroor het Ntshabele gesê: "Volumes alleen is natuurlik net een maatstaf waarmee 'n bedryf gemeet kan word. Afgesien van handelsoorlog, en stygende insetkoste asook die Europese Unie se voortgesette onwetenskaplike en onbillike plantgesondheids-handelsbeperkings, beïnvloed dit ook die produsente. Met die geskatte 188,2 miljoen kartonne vir die jaar, is die bedryf op koers om hul teikens te bereik. Om werksgeleenthede uit hierdie volumes te skep, moet nuwe sitrusmarkte gevind word. Daarom is markbehoud en -uitbreiding noodsaaklik. As marktoegang nie oor die hele linie verbeter word nie, insluitend die VSA, China, Indië, Japan en ander, sal dit lei tot 'n verlore geleentheid vir ernstige werkskepping. Die SKV is hoopvol dat die Suid-Afrikaanse regering in die toekoms sal voortgaan om te help met die uitbreiding van marktoegang." Daar word beraam dat 29,6 miljoen 15 kg kartonne Navel-lemoene vir uitvoer verpak sal word, 'n toename van 11% vanaf die oorspronklike skatting van 26,1 miljoen kartonne. Valencia-lemoene is ook met 4% opwaarts aangepas van die aanvanklike 52 miljoen 15 kg-kartonne tot 54,5 miljoen kartonne.

Oor die algemeen is die lemoene uit die Noordelike streke groter en dié uit die Suidelike streke kleiner as gewoonlik. Die groottes balanseer op 'n komplementêre manier, wat verseker dat alle markte van hul voorkeurspesifikasie voorsien word.

Die Mandaryns-kategorie was oorspronklik in April geskat op 44,9 miljoen 15 kg-kartonne. Die jongste syfer staan op 49,3 miljoen 15 kg-kartonne, 'n toename van 9%. Die laat mandaryntipes word nou verpak, met die Satsuma- en Clementine-seisoene wat verby is.

Die week van 15 Augustus is die SKV se vooruitskatting vir suurlemoene ook verhoog tot 39,6 miljoen 15 kg kartonne.

Die pomelo uitvoerseisoen is effektief verby. Dit lyk asof die finale volumes van 15 miljoen 15 kg ekwivalente kartonne effens onder die oorspronklike skatting van 15,3 miljoen sal wees. Dit was 'n beter jaar as 2024 vir pomelo produsente en in sommige markte was die vraag uitstekend.

"Oor die algemeen was die hawens baie meer doeltreffend die jaar, deels as gevolg van bykomende toerusting en nuwe bestuurstrategieë. Dit het gehelp om vrugte 'n bietjie vroeër as gewoonlik uit te kry. Met 'n groter oes sal dit egter belangrik wees om die vrugte vinnig deur die hawens te laat beweeg oor die volgende drie weke," het Paul Hardman, hoofbedryfsbeampte van die SKV, gesê.

Aangaande die 30% Amerikaanse tarief wat vanaf 7 Augustus op Suid-Afrikaanse sitrus gehef is, het Boitshoko Ntshabele opgemerk: "Die Suidelike Halfronde se sitrus is verby sy hoogtepunt, en plaaslike sitrusprodusente het daarin geslaag om verskeppings na die VSA voor die sperdatum te versnel, wat sommige van die gevolge van die tarief op die huidige seisoen se Amerikaanse uitvoere verminder het. Indien 'n wedersydse voordelige handelsooreenkoms nie gesluit word nie, sal ons volgende uitvoerseisoen ongelukkig die volle effek van die tarief voel. Landelike gemeenskappe kan dan hard getref word."



Oestyd in volle swang.

Geesweek by Vanrhynsdorp SAPD

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Gedurende die week van 1 tot 5 September is 'n heerlike geesweek deur die "Interns" van Vanrhynsdorp SAPD gereël. Dit het ten doel gehad om weer kameraderie en eensgesindheid onder die lede te bewerkstellig. Iets wat Dolly Wiese, afgetrede MHB, hulle geleer het tesame met 'n kultuur van omgee.

Daagliks was daar 'n ander tema en dit het vir groot vermaak gesorg. Die Vrydag vanaf 10:00 was die afsluiting met heerlike boeresport en daarna 'n bring en braai. By die geleentheid kon daar ook afskeid geneem word van konstabel Basson wie na Nuwerus SAPD verplaas is.

Die stasiebestuur het hierdie as 'n definitiewe geslaagde inisiatief gesien, aangesien die lede weer hul beste lewer vir hulself, die stasie, die breër gemeenskap van Vanrhynsdorp, asook die Groter Mzansi, aldus die hoof van Sigbare Polisiëring, adjutant-offisier Wessie van der Westhuizen.



Lede van Vanrhynsdorp SAPD.

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

SKOLE NUUS



Daniela Louw (Daniela Fotografie), Darrel Atkins (Algeria biblioteek), Laurenzo Fortuin (ICA), Brenda Fortuin (bibliotekaresse Cederberg biblioteekdienste) en Kobie Hanekom (skoohoof van Grootkloof Primêr).

Skoolfoto's uiteindelik 'n werklikheid

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CEDERBERG: Grootkloof Primêr, die skooltjie by die bosdorpie naby Algeria in die Cederberg kon op Donderdag, 11 September vir die heel eerste keer skoolfoto's laat neem. Die spesiale geleentheid is moontlik gemaak deur die samewerking en deursettingsvermoë van die gemeenskap. Aanvanklik het 'n fotografie maatskappy van Durban die skool belowe om die foto's te kom neem, maar hulle het twee weke voor die vasgestelde datum onttek. Brenda Fortuin, bibliotekaresse van Algeria en Wupperthal wat die projek geïnisieer het, het egter nie moed opgegee nie. Sy het hulp gevra by Initiative for

Community Advancement (ICA), in Piketberg. Margaret Maans van ICA het op haar beurt kontak gemaak met Daniela Fotografie in Moorroesburg en met goeie samewerking tussen ICA en Daniela Louw is daar gereël dat die geskiedkundige fotosessie op Donderdag, 11 September sou plaasvind. Die hoof en personeel van Grootkloof Primêr was innig dankbaar vir dié besondere dag. Hulle dra hul opregte dank oor aan Daniela Fotografie, Brenda Fortuin en die ICA vir hulle bereidwilligheid om in te spring en 'n lang verwagte droom te bewaarheid.

“A nation’s culture resides in the hearts and in the soul of its people.”
Mahatma Gandhi

Pomario bied kultuurweek aan

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Pomario Onafhanklike Skool het onlangs Kultuurweek gevier. Die week het afgeskop met lofprysing in die saal saam met dominee Rudi Janse van Vuuren. 'n Mooi manier om almal se harte en gedagtes op God te rig. Dinsdag het die graad 3 klas saam met jufrou Brigette 'n prettige skattejag aangepak wat hul reg oor die skoolterrein geneem het. Spanwerk was die wagwoord van die dag. Teresa Tierie het Woensdag die leerders gewys hoe om die mooiste blommerangskikkings te maak. Elke rangskikking was uniek en pragtig. Dit het leerders herinner aan die keatwiteit wat in elkeen skuil. Donderdag was die hoogtepunt van die week toe die kultuuraand aangebied is. Elke klas het 'n land verteenwoordig en die gaste op verskillende “vlugte” deur die skool geneem om by elke land te gaan kuier. By elke stasie het 'n nuwe verrassing gewag. Van kleurvolle dekor tot geurige

disse en vrolike musiek. Dit was 'n ervaring wat nog lank onthou sal word. Die weners van die aand was soos volg: Beste dekor - China. Smaaklikste dis - Meksiko. Beste gees - Meksiko. Beste inhoud en feite oor die land - Griekeland. Beste kleredrag - Indië. Beste aanbieding deur leerders - Meksiko. Land van die aand - Meksiko. Die Kleuterskool het Vrydag die week op 'n mooi noot afgesluit met 'n ouma- en oupadag. Die grootouers het saam met hul kleinkinders 'n piekniek geniet en het die voorreg gehad om 'n spesiale optrede van die graad R maatjies en spreekkoor te beleef. Die personeel bedank al die onderwysers, leerders en ouers wat die Kultuurweek so besonders gemaak het. Hulle sê hulle is trots op 'n skool waar geloof, kreatiwiteit en samehorigheid gevier word.



Pomario leerders in kultuurdrag.

Leerders spel by provinsiale spelfees

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Drie van Laerskool Olifantsvallei se leerders het Saterdag, 13 September aan die Sanlam WOW Spelfees Provinsiale kompetisie deelgeneem en het Top 10 in hul verskeie ouderdomsgroepe behaal. Die personeel wens Rikus Cornelissen, Lasea van der Merwe en Handré Wolmarans baie geluk.



Rikus Cornelissen, Handré Wolmarans en Lasea van der Merwe.



MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT NOTICE/KENNISGEWING

KENNISGEWING: AANSOEK OM ONDERVERDELING, KONSOLIDASIE & PERMANENTE AFWYKING

Kennis geskied hiermee Ingevolge Artikel 45(1)(h) van die “Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015” (die Verordening), dat die Munisipaliteit die volgende aansoek in terme van Artikels 15(2)(b) & (d) & (e) van die Verordening, vir oorweging ontvang het:

Eienaar(s):	Matzikama Munisipaliteit	Aansoeker:	Urban Dynamics Southern Cape
Eiendom:	Erwe 59 & 60, Doringbaai	Grootte:	Erf 59, Doringbaai - 1973m² & Erf 60, Doringbaai - 7628m²
Ligging:	Kerkstraat, Doringbaai	Huidige sonering:	Residensiële sone 1

Voorstel:

- Die konsolidasie van Erf 59, Doringbaai & Erf 60, Doringbaai,
- Die onderverdeling van die gekonsolideerde erwe in 49 woonerwe (elk ±150m² as 'n gesubsidieerde invul ontwikkeling), en
- Die permanente afwyking van die erfboulyne vanaf 2m na 0m op sekere erwe om voorsiening te maak vir voldoende terreinuidigte en parkeervoorsiening.

Besonderhede van hierdie aansoek is gedurende ondergenoemde kantoor ure by me Kriek en me Rossouw ter insae.

Skriftelik gemotiveerde kommentaar en/of besware soos bepaal in Artikel 50 van die Verordening ten opsigte van die voorstel, moet die ondergenoemde bereik voor of op **Maandag, 27 Oktober 2025**. Neem kennis dat deur 'n beswaar, kommentaar of vertoë aan te teken, erken die persoon wat dit doen dat hul inligting beskikbaar gestel kan word aan die publiek en aan die aansoeker.

Enige persoon wat kommentaar en/of beswaar wil lewer / beswaar wil maak en wat nie kan skryf nie kan Maandag tot Donderdag tussen 10:00 en 15:00 na die ondergenoemde kantore van die Munisipaliteit kom waar me Kriek of me Rossouw sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of beswaar af te skryf.

NOTICE : APPLICATION FOR SUBDIVISION, CONSOLIDATION & PERMANENT DEPARTURE

Notice is hereby given in terms of Section 45(1)(h) van die “Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015” (the Bylaw) that the Council received the following application in terms of Sections 15(2)(b), (d) & (e) of the Bylaw, for consideration:

Owner:	Matzikama Municipality	Applicant:	Urban Dynamics Southern Cape
Property:	Erven 59 & 60, Doringbaai	Extent:	Erf 59, Doringbaai - 1973m² & Erf 60, Doringbaai - 7628m²
Locality:	Church Street, Doringbaai	Current zoning	Residential zone 1

Proposal:

- The consolidation of Erf 59, Doringbaai & Erf 60, Doringbaai,
- The subdivision of the consolidated erven into 49 residential erven (each measuring ±150m² as a subsidiary infill development), and
- The permanent departure of some erven's building lines from 2m to 0m to accommodate efficient site layouts and parking provisions.

Details of this application can be obtained from ms Kriek and ms Rossouw during office hours.

Motivated objections and/or comments as stipulated in Section 50 of the Bylaw with regards to the application must reach the under-mentioned in writing on/before **Monday, 27 October 2025**. Take note that by lodging an objection, comment or representation, the person doing so acknowledges that their information may be made available to the public and to the applicant.

Any person who wishes to comment and/or object / wants to object and who cannot write is invited to visit under-mentioned office of the Municipality on Mondays to Thursdays between 10:00 and 15:00 where ms Kriek or ms Rossouw will assist such person to transcribe his/her objections and/or comments.

LJ PHILLIPS
MUNISIPALE BESTUURDER / MUNICIPAL MANAGER

Kennisgewing no. / Notice nr.: K11 2025/2026
Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe

MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL:027 201 3300

Steeds die beste junior in Suid-Afrika

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Risa Roothman het op Saterdag, 20 September deelgeneem aan die Oyama Cup toernooi te Wynberg, Kaapstad. Deelnemers aan hierdie kompetisie is slegs gekeurde Suid-Afrikaanse kampioene van die afgelope twee jaar, asook studente wat internasionaal deelgeneem het. Dit is volkontakgevegte en daar is nie gewigsgrense nie. Roothman het aan die Elite girls 15 tot 17 jaar ope-afdeling deelgeneem en as kampioen van 2025 met die 1ste plek weggestap. Shihan Riaan Nel, haar afrigter het die volgende opsomming omtrent Roothman: Hierdie was haar laaste groot kompetisie as junior. Haar loopbaan van 12 jaar as junior het bewys dat sy steeds die beste junior in Suid-Afrika is. Gedurende die 12 jaar wat sy karate beoefen by shihan Nel het sy die volgende prestasies behaal: 8 jaar Wes-Kaap kampioen, vier jaar Suid-Afrikaanse kampioen, 2024 Proteakleure, Pole Internasionale kompetisie tussen agt lande, 2025 Tokio, Japan wêreldkampioenskappe en 2025 Oyama Cup kampioen. Intussen het sy gradeer tot swartgordel 1ste dan en help met afrigting van karateklasse onder leiding van shihan Nel.



Risa Roothman en shihan Riaan Nel.

Juffrou en afrigter ontvang gesogte prys

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

GRAAFWATER: 'n Onderwyser van Graafwater Primêr, **Rozanne Steenkamp (foto regs)** het onlangs 'n toekenning ontvang, die Boland Krieket KFC Mini-Krieket Administrateur 2024/2025. Dit het tydens die Boland Krieket toekenningsaand op 5 September in Paarl plaasgevind. Steenkamp is ook vanjaar een van die 4 uit 16 uniese persone wat deur Cricket South Africa genomineer is vir KFC Mini KrieketAfrigter van die Jaar vir die 2024/2025 seisoen. Steenkamp bied nie net Wiskunde en Lewensoriëntering vir graad 6 en 7 aan nie, maar is ook 'n mini-krieket en netbalafrigter. Sy word gedryf deur 'n begeerte om geleenthede vir leerders te skep deur middel van sport en onderwys. Sy is sedert haar studentejare in 2019 betrokke by die KFC Mini-Krieket programme. Wat begin het as 'n klein stappie in gemeenskapsafrigting, het vinnig ontwikkel tot 'n diep toewyding aan jeugontwikkeling en grondvlaksport. Steenkamp het sedertdien binne die program gegroei en dien met trots as die KFC Mini-Krieketkoördineerder vir die Boland Noordwes-streek, na haar vorige rol as koördineerder vir die Boland Weskus-streek.

Toe Steenkamp by Graafwater Primêr aangesluit het, was mini-krieket nie deel van die skool se sport nie. Daar was nie fasiliteite of toerusting nie. Die leerders het ook nie die reëls geken nie. Sy het mini-krieket aan hulle bekendgestel en elke beskikbare hulpbron en geleentheid gebruik om leerders toegang te gee tot 'n sport wat voorheen buite bereik was. Die nalatenskap wat Steenkamp hoop om te laat, is een van toegang, billikheid en volhoubaarheid in krieketontwikkeling "Ek wil hê dat elke kind, ongeag hul ligging of agtergrond, die geleentheid gebied moet word om lief te raak vir die spel," aldus Steenkamp.



GRANTING OF ENVIRONMENTAL AUTHORIZATION TO NUROLOS (PTY) LTD FOR ACTIVITIES IN ASSOCIATION WITH PROSPECTING AND ASSOCIATED ACTIVITIES IN RESPECT OF ACTIVITIES ON STRANDFOINTEIN 559, PORTION 1 AND REMAINDER, PART OF TITLES BAAI 560 REMAINDER OF KLEIN KOGEL FONTEIN 561 SITUATED WITHIN THE ADMINISTRATIVE OF DISTRICT NAMAQUALAND. NUROLOS (PTY) LTD INTENDS TO PROSPECT THE FOLLOWING MINERALS: COBALT, COPPER, CORUNDUM, FELDSPAR, GARNET (GEMSTONE) GEMSTONE EXCEPT FOR DIAMOND, GYPSUM, HEAVY MINERALS (GENERAL), HOSHATE, IRON ORE, LEOCOXENE (HEAVY MINERAL), LITHIUM ORE, MANGANESE ORE, MONAZITE (HEAVY MINERALS), NIOBIUM (COLUMBIUM) ORE, RARE EARTH, RUTILE (HEAVY MINERALS), SPINE (GEMSTONE) TANTALUM/NIOBIUM ORE, TIN ORE, URANIUM ORE AND WOLLASTONE

DMR Reference: (NC)30/5/1/1/2/(13758PR) EM

GRANTING OF ENVIRONMENTAL AUTHORIZATION

Notice is hereby given that the department of Mineral Resources (DMR) on Tuesday 09th September 2025 issued an environmental authorization in terms the national environmental management act, 1998 (NEMA) as amended, and the environmental impact assessment (EIA) regulations, 2014 for certain activities associated with Nurolos proposed prospecting on the above-mentioned farms situated in Northern Cape Province.

The granting of the environmental authorization is subject to compliance with a number of conditions. Stakeholders may obtain an electronic copy of the full environmental authorization from our public participation practitioner Mr. Nhlahlhla Khosa, tel: 012 772 2350; fax: 086 626 4839 or email: consultant@eapsa.co.za

Please note that any person who wishes to appeal against the authorization has 20 days from the date of issue of this notice to notify the department of minerals resources through the directorate appeals and legal review of their intention to appeal, by means of the following methods:

By Post: private bag X447, Pretoria, 0001

By Email: Appeals@dffe.gov.za

By Hand: Environmental house, corner Steve Biko and Soutpansberg street, Arcadia Pretoria, 0083

In terms of the environmental impact assessment regulation a copy of such notice of intention to lodge an appeal must be provided to the applicant together with an indication of where and what period the appeal submission will be available for inspection by the applicant. Such notification may also be made via the public participation officer Mr Nhlahlhla Khosa of EAPSA at the contact details provided.

Groot hengelkompetisie om die draai

Berig: Verskaf

CLANWILLIAM: Namaqua Hengelklub is tans hard besig om hul vere reg te skud vir die grootste hengelkompetisie in hierdie area. Vir die 3de jaar bied hul op 4 en 5 Oktober die Spring Carp Bash aan te Lebanon, Clanwilliam. Hengelaars kom van so ver as Robertson, want alhoewel die byeenkoms oor sterk kompetisie gaan, is dit ook ou vriende wat mekaar weer sien en gesinne wat saam kampeer. Lebanon begin al die Vrydagmiddag bedrywig raak wanneer die hengelaars begin arriveer en kamp opslaan om die aand gesellig te verkeer. Saterdagoggend is dit vyftig

deelnemers en 100 stokke. Onder die 50 deelnemers is 10 dames en agt juniors. Drie uurliks word die vangste geweeg en die visse weer vrygelaat, deur die nag tot laat Sondagoggend waarna die prysuitdeling plaasvind. Dit is nie net vir Namaqua Hengelklub 'n voorreg om die Spring Carp Bash aan te bied nie, maar ook 'n enorme voorreg om saam met lede van ander klubs te hengel. Dit is 'n groot leerskool. Namaqua Hengelklub se bestuur sien uit daarna om die hengelaars en gaste te ontvang, en wens elke deelnemer sterkte toe.

APPLICATION IN TERMS OF THE NEMA EIA REGULATIONS, 2014 (AS AMENDED) EXPANSION AND ALTERATIONS TO EXISTING BUILDINGS ON FARM DONKIN BAY FLATS NUMBER 428, PORTION 4, VANRHYNSDORP. THE EXISTING BOAT HOUSE WILL BE DEMOLISHED. DEA & DP REFERENCE NUMBER: NONE PRE-APPLICATION

Notice of a Public Participation Process (PPP) is hereby given in terms the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations (2014, as amended) made under Section 24 (5) and 44 of the National Environmental Management Act (NEMA), Act No.107 of 1998 (as amended). This notice also serves to Inform the public that a Basic Assessment process will be followed and that the draft reports and its Appendixes for the Application will be available for public comment on our website: <https://enviro-eap.co.za/public-participation/>. When landing on the Public Participation Page on the website please scroll down until you locate the project title as indicated above (valid for full duration of 30 day commenting period). **TAKE NOTE THIS WILL ONLY BE AVAILABLE ON THE WEBSITE WHEN YOU AS A REGISTERED INTERESTED AND AFFECTED PARTY GET NOTIFICATION FROM ENVIRO-EAP THAT IT IS AVAILABLE.** Notice is given of the public participation process commenced by Abrie Bruwer Familie Trust for the expansion and alterations to existing buildings on farm Donkin Bay Flats number 428, portion 4, Van Rhynsdorp. The existing boat house will be demolished. A new house of approximately 161m² will be constructed further away from the neighbours infrastructure to comply with municipal building line restrictions. A road less than 4m wide and approximately 70m long will be constructed to give access to the newly constructed house. The existing house, approximately 184 m² will not be expanded. Stoep will be closed.

Location: The properties will be access via existing gravel road from Doringbaai. **Listed Activities:** Activities 17, 19A and 54 of Listing Notice 1 and Activity 12 of Listing Notice 3 of the EIA Regulations, 2014 (as amended).

Exemption: No application for any exemption is sought.

Opportunity to participate: Interested and Affected Parties are invited to register interest for the respective application within the process, or provide written comments to Enviro-EAP within 30 days of this notice (excluding public holidays). The project title, your full name, contact details, plus indication of any direct business, financial, personal or other interest you may have in this application must please be provided and fully described. **Sections 11 and 18 of POPI Act, 2013 (Act No.14 of 2013):** The personal information and comments provided will be included in reports to be submitted to the Competent Authority to enable informed decision-making. Also, if you choose to register as an I&AP your personal information will be made available to an appellant in the case of an appeal, and an applicant/EAP/ independent person for purposes of being informed and given access to an audit report. This information may be made available in terms of section 11(1)(c) and 11(1)(d) of the POPIA, without requiring consent.

Contact: Nicolaas Hanekom

Enviro-EAP, PO Box 205, Agulhas 7287

Tel/Cell: 076 963 6450

email: admin@enviro-eap.co.za

Aansoek in terme van die Nasionale Omgewings Bestuurs Wet, Omgewings Impact Assessering regulasies 2014, soos aangepas vir die uitbreiding, veranderings, afbreek en bou van nuwe huis met 4 meter wyd en ongeveer 70m lank pad van ongeveer 161m² en skoonmaak van "Cape Seashore" inheemse plantegroei van ongeveer 450m² om die ontwikkelings te kan doen. Hierdie advertensie is om kennis te gee van die publieke deelname proses wat begin word deur die Abrie Bruwer Familie Trust op plaas Donkin Bay Flats nommer 428, gedeelte 4, Vanrhynsdorp. Die eiendom is geleë suid van Doringbaai en word bereik deur die bestaande grondpad vanaf Doringbaai. Gelysde aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word is aktiwiteite 17, 19A en 54 van kennisgewing 1 en aktiwiteit 12 van kennisgewing 3 van die EIA regulasies 2014, soos aangepas. Geen aansoek vir vrystelling van die proses word voor aansoek gedoen nie. Moontlike Geïnteresseerde en geaffekteerde party word uitgenooi om te registreer hulle belangstelling in terme van die aansoek proses, of om skriftelike kommentare na Enviro-EAP binne 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing te stuur. Die projektitel, u volle Naam en Van, kontakbesonderhede, indikasie van enige moontlike direkte besigheid, finansiële, persoonlike of ander belang wat u mag hê moet gegee word en volledig beskryf word. Kommentare of versoek vir registrasie as geaffekteerde en belanghebbende party moet asseblief gestuur word aan:

Nicolaas Hanekom

Enviro-EAP, Posbus 205, Agulhas 7287

Tel/Cell: 076 963 6450

email: admin@enviro-eap.co.za



Enviro-EAP
Environmental Consultants



Rugbyspeler in sewesspan

Berig: Verskaf

LUTZVILLE: Tielman Ras (foto onder), 'n leerder van Hoërskool Lutzville is gekies vir die Boland O/17-Sewesspan. Hulle gaan gedurende die Oktobervakansie deelneem aan die jaarlikse Interprovinsiale toernooi in Worcester.



Stempels

BESKIKBAAR by

ONS KONTREI

KANTORE,

CENTRALSTRAAT 8

VREDENDAL

Tel: 027 213 2074

Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

26 SEPTEMBER 2025

Adverteer dit werk!

Skakel ons kantoor vir meer inligting,
027 213 2074

Bandkorp Gholfdag 2025

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Bandkorp het Saterdag, 13 September 'n baie suksesvolle gholfdag aangebied te Vredendal Gholfklub. Die veld was stampvol met 68 spelers wat enkel stableford gespeel het. Die dag het begin deur alle spelers wat al 09:00 by die klub was om die rugbytoets tussen Nieu-Seeland en die Springbokke op die grootskerm televisie te kyk.

Danie Thiar het die gholfers bederf met koffie en cappuccino's. Spelers het ook 'n geskenksakkie met 'n Bandkorp T-hemp ontvang.

Na die rugby het spelers met die kanonafslaan die baan begroet waar 14 uitstallers met verskillende bande, batterye en skokbrekers uitgestal het. By elke verskaffer is gholfers getraakteer met eet- en drinkgoed en 'n geskenkie of twee.

Na afloop van die dag se spel het die vroue en jong-

span by die spelers aangesluit. Pierre van Zyl van Bandkorp het gesorg vir 'n klein makietie na die gholf met Alan Hughes wat die prysuitdeling behartig het. Brandon Miles en die Millennium Band het die gaste op hul voete gehou.

Quintus Lotter stap as die wenner weg met Joshua de Kock in die tweede plek. Elke speler van die dag het 'n prys ontvang. Daar was ook een Better Ball prys wat deur Karel Jacobs en Bolla Brand gewen is. Die langste dryf is deur Hannes Rossouw geslaan. Die naaste aan die pen is deur Zandre Jordaan gewen. Vredendal Gholfklub wil hul opregte dank aan Van Zyl en sy personeel uitspreek vir die finansiële inspuiting vir die gholfklub.

Daar sal nog baie gepraat word oor die Bandkorp 2025 Gholfdag.



Quintus Lotter (wenner), Johan Kleynhans (derde plek), Johan van Pirelli (borg) en Joshua de Kock (tweede plek).

Handwapenvernuf word getoets

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Manne het hul spoed met handwapens kom meet op Saterdag, 20 September by die Pietie Hamman skietbaan.

Jonk tot oud was daar en het handwapenvernuf getoets of net weer kom skiet om in oefening te bly. Die vyf bolyf grote ghongs het sommer lekker weergalm soos hul geskiet is. Die skuts het hul spoed gemeet en van die skuts het die baan in onder drie sekondes voltooi. Die gratis sosiale dae is 'n wonderlike geleentheid om 'n handwapen te gebruik en in voeling te bly.

KaapJag Namakwa-tak bedank almal wat teenwoordig was en vir die samesyn onder die skiet-sportliefhebbers. Die volgende skietdag vind Saterdag, 11 Oktober plaas. Dit sal 'n Chasa baanskiet wees.



'n Skut wat die ghongs laat sing.



Hengelaars van Namaqua Hengelklub.

Deurnag klubkompetisie

Berig en foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Namaqua Hengelklub het Saterdag, 13 September hul maandelikse klubkompetisie te Bulshoekdam gehou in die vorm van 'n deurnag.

Die weer het goed saamgespeel en die dam was lekker vol. Die vangste was 'n bietjie stadig, maar die geselskap en kamp was uit die boonste rakke.

Die uitslag is as volg: Eerste Jef Aspeling met 21 visse (16.64 kg), in die

2de plek is Coenie Beukes met 6 visse (9.8 kg) en 3de is Emile van der Merwe met 5 visse (10.54 kg). Jaco van Zyl, Coenie Beukes en Lolla Neethling verbeter hul persoonlike bestes. Neethling ontvang die Guppy Trofee vir die swaarste karp (5.510 kg) wat in die kompetisie gevang is.

Die bestuur bedank elkeen vir hul gesindheid en goeie gees en sien uit na die volgende byeenkoms.

Rolbal ondersteun kankermaand



VREDENDAL: Lede van Vredendal Rolbalklub het besluit om Woensdag, 17 September tydens hulle sosiale byeenkoms geel of goud te dra. Die besluit is ter ondersteuning van Child Cancer Awareness month. Die baanfooie van R720 is aan Childhood Cancer Foundation South Africa geskenk. Foto: Verskaf.

Een seisoen eindig, ander een begin

Berig: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: So het nog 'n jaar ten einde gesnel in die duiwesport. Die laaste wedvlug is Saterdag, 20 September vanaf Warrenton gevlieg. Dit was voorwaar 'n lang vlug en ook 'n lang wag. Die geveerde atlete is om 07:00 in koel weer losgelaat, maar dit sou vinnig begin warmer en dynserig word, asook sterkwind wat dit 'n moeilike stryd gemaak het.

In die Maskam Federasie was nie een duif Saterdaggaand beskore om in sy eie hok te oornag nie. Sondagoggend was eienaars en die duiwe reeds vroeg uit die vere en nog 'n wag was die afrigters se voorland. Getrou soos net 'n duif kan wees, het die 1ste een sy opwagting om 09:11 gemaak en dit was by die hok van Andre Burger in Graafwater. Burger wen dan sy klub, asook die Federasie vlug en word gevolg deur Baard hokke van Lutzville en Zass Lofts van Graafwater 3de. Burger wen ook die weeklikse prys en Hopetown klub was so vriendelik om vir die federasie die pryse te borg vir die 3de en ook laaste plekke. Die Federasie kampioen is dan Baard Hokke van die

Lutzville klub, welgedaan aan hulle as span. Hulle word gevolg deur J & S Agenbach ook van Lutzville in die 2de plek en Valentine Lofts van Vredendal in die 3de posisie.

Die atleet wat die meeste punte ingesamel het algeheel vir die 2025 seisoen behoort aan J&S Agenbach. Die Kortpad kampioen vanjaar is Buys hokke. Baard hokke is nie net die Federasie kampioen nie, maar word ook gekroon as Middel en Langpad kampioene. Al wat oorbly vir die jaar in die duiwesport is die Algemene Jaarvergadering wat sal plaasvind op 1 November. Die broeiseisoen is ook reeds aan die gang en almal word daarvoor sterkte toegewens.

Die jaarlikse veiling begin eersdaags en die publiek is ook welkom om daaraan deel te neem. Kontak Jaco du Randt by 082 880 4555 vir meer inligting. Die bestuur wil dan ook elke lid, borg en die publiek bedank vir die jaar se insette en ondersteuning. Hulle bedank ook hul begeleier, Koos Horn en sy vrou Sonia wat elke naweek getrou al die kilometers moes aflê om die wedvlugte moontlik te maak.